

4 Maart

Openbaring 3:14-22, (Teks: 3:15)

Nie koud en ook nie warm nie, maar lou

Hoe entoesiasties sal jy jousef takseer as dit by kerksake en jou godsdienstige lewe kom? Christus het die gemeente van Laodisea geken en hulle as lou beskryf. En net so ken Hy ons ook.

Die mense en die lidmate in Laodisea was ryk, in hulle gewone sakebedrywigheede besonder vindingryk en entoesiasties. Op godsdienstige gebied was dit egter net die teenoorgestelde. Hulle was nie heidene nie, nie heeltetal onbekeerd nie. Hulle was middelmatig godsdienstig, so tussenin.

Hulle het onder die geklank van die Woord lóú gebly. Hulle weet van Christus. Koue

ongeloof is uit hulle uit verdryf. Maar deur en deur warm en entoesiasties vir die Koninkryk van God is hulle ook nie. Hulle het bolangs 'n Christelike vernissie gehad, maar die Evangelie van Christus het nog nie die kern van hulle lewe geraak nie. Daar is spore van die invloed van Christus op elke lidmaat aanwysbaar, maar dit bly alles aan die buitekant. En wat van jou wat hierdie stukkie nou lees? Jy weet van huisgodsdienste en sending en dat jy getrou moet wees om in elke erediens te deel. Maar dóén jy dit? Jy is nie koud nie, anders sou jy nie hierdie oordenking gelees het nie. Maar is jy vurig warm vir die belange van die Koninkryk van God? Is jy in jou hart gegryp deur die Evangelie van Jesus Christus? En kan die mense saam met wie jy werk aan jou manier van lewe sien dat jy 'n kind van die lewende God is?

Sing: Skrifberyming 44:1,2

Dr. A.H. Grové (Klerksdorp-Noord)